# Oordragpryse: Intragroeplenings

**Tshwane, 17 Januarie 2023 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vandag 'n interpretasienota uitgereik getiteld "DETERMINATION OF THE TAXABLE INCOME OF CERTAIN PERSONS FROM INTERNATIONAL TRANSACTIONS: INTRA-GROUP LOANS" (Bepaling van die belasbare inkomste van bepaalde persone uit internasionale transaksies: Intragroeplenings) wat leiding verskaf oor hoe SARS op 'n armlengte ver pryse sal bepaal vir intragroeplenings. Die nota verskaf ook leiding oor die gevolge vir 'n belastingpligtige indien die skuldbedrag, die koste van skuld of beide nie teen armlengte is nie.

'n Oordragprys is basies die prys waarteen goedere of dienste tussen partye uitgeruil word. Oordragpryse opsigself is nie goed of sleg nie, dit is eenvoudig 'n noodsaaklikheid gegewe dat partye met mekaar transaksies voer. In die konteks van belasting, is oordragpryse ‘n rede tot kommer in situasies waar partye die oordragprys manipuleer om 'n meer begeerlike belastinguitkoms te bereik. Dit is veral kommerwekkend in oorgrense transaksies tussen verwante partye, omdat dit makliker is om die prys te manipuleer en voordeel te trek uit verskillende regsgebiede. Dit lei gereeld tot belastingregsgebiede wat nie die belastinginkomste ontvang waarop hulle geregtig is nie.

Die Wet op Inkomstebelasting bevat artikel 31 wat vereis dat die oordragprys van bepaalde internasionale transaksies tussen verbonde persone of gepaardgaande ondernemings gebaseer word op die armlengte-beginsel wanneer belasbare inkomste bepaal word. Dit sit ook belastingnagevolge uiteen indien die prys nie teen armlengte is nie. 'n Armlengteprys is basies 'n prys wat op die opemark onderhandel word tussen 'n gewillige koper en gewillige verkoper.

Een van die areas van kommer, wat die onderwerp van debat was, hou verband met armlengtepryse vir intragroeplenings, byvoorbeeld, 'n oorgrense lening tussen maatskappye in 'n multinasionale groep maatskappye. Die prysbepaling van intragroeplenings sluit die oorweging in van beide die skuldbedrag en die koste van die skuld. 'n Intragroeplening sal foutief geprys wees indien die bedrag vir

skuldfinansiering, die koste van die skuld, of beide, duur is in vergelyking met wat as armlengte beskou word.

Dit bly daarom krities belangrik dat, in enige intragroeptransaksie, die beginsel van armlengte noukeurig toegepas word deur diegene wat aan sodanige transaksie deelneem. SARS sal streng optree om die fiskus te beskerm indien daar bevind word dat partye buite hierdie beginsel optree. SARS moedig alle belastingpligtiges, wat meer inligting oor SARS se benadering wil hê, om die interpretasienota te raadpleeg. Maatskappye wat binne die bestek van artikel 31 val, moet 'n goedgekeurde oordragbeleid in plek hê, in ooreenstemming met die armlengte-beginsel, en in 'n posisie wees om sodanige nakoming, en dat die beleid geïmplementeer is, te demonstreer.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.